

Wat om te doen wanneer jy 'n beseerde of wees roofvoël kry

Vir die proses van roofvoëlrehabilitasie om 'n beduidende rol in die bewaring van roofvoëls te speel, moet dit wetenskaplik gebaseer wees en deur gekwalifiseerde mense met toepaslike ondervinding uitgevoer word. 'n Goeie kennis van die versorging in gevangenskap, progressiewe gebruik van medisyne (onder toesig van 'n bekwame veearts), tesame met 'n biologiese kennis van hoe 'n roofvoël in die natuur lewe, is noodsaaklik vir die suksesvolle identifikasie, diagnose, behandeling en rehabilitasie van 'n beseerde of wees roofvoël. As 'n roofvoël jou toelaat om dit te nader, op te tel en te hanteer, is daar iets verkeerd. Die vermoede behoort te bestaan dat een van die volgende redes die oorsaak is:


- Die roofvoël is beseer en kan nie wegvlieg nie.
- Dit is swak as gevolg van 'n siekte en kan nie vlieg nie.
- Dit is te jonk om te vlieg.

Beseerde roofvoëls

Beserings is nie altyd sigbaar nie en kan moeilik wees om raak te sien. Hoe ook al, net omdat jy dit nie kan sien nie, is dit nie minder gevaarlik vir die voël nie. Gebreekte bene moet so gou moontlik geïmmobiliseer word. Stres moet ook in ag geneem word, aangesien dit die belangrikste oorsaak van dood by wilde diere is. Daar is 'n paar basiese stappe wat geneem kan word om verdere skade te beperk.

Jy moet

- Die skade bepaal en as jy nie daarvoor kans sien om die voël te help nie, kontak jou plaaslike natuurbewaringskantoor, geregistreerde rehabilitasiesentrum of die DBV.
- Honde uit die omgewing verwyder (as die voël in jou tuin is) totdat die voël veilig is, aangesien honde van nature nuuskierig is.
- 'n Kartonhouer of troeteldierhok van die regte grootte gereedmaak. Plaas 'n handdoek, lap of 'n



stuk mat op die bodem van die houer om te verhoed dat die voël gly.

- Onthou dat roofvoëls hulself met hul kloue verdedig en jou daarmee kan beseer en nie noodwendig met hul snawels nie, wees dus versigtig!
- 'n Groot handdoek of klein kombors oor die voël plaas en maak seker die oë is bedek. Plaas jou hande oor beide vlerke met jou duime in die middel van die voël se rug soos jy 'n rugbybal sal vashou. Druk die voël sagkens plat op die grond terwyl jy die vlerke teen die lyf hou, tel die pasiënt op en plaas dit in die houer.
- Die houer op 'n stil, donker en warm plek plaas.
- Kontak jou naaste rehabilitasiesentrum, natuurbewaringskantoor, veearts of die DBV

Moenie

- Die voël baie hanteer nie. Immobiliseer die roofvoël en plaas dit direk in die kartonhouer. Hoe meer jy dit hanteer, hoe groter is die kans op verdere beserings en stres.
- Aanmekaar die houer oopmaak om na die voël te kyk nie. Enige siek of beseerde roofvoël moet stil gehou word. 'n Beseerde voël ly gewoonlik aan skok en verdere versteuring sal die toestand vererger.
- Probeer om die roofvoël kos of water te gee nie.

Wees roofvoëls

Dit gebeur dikwels dat 'n jong roofvoël uit die nes val tydens sy eerste pogings om te vlieg. Dit is nie 'n onnatuurlike situasie nie en die ouers is gewoonlik naby. In die geval van uile broei baie spesies op of naby die grond, bv. die gevlekte ooruil broei op kaal grond. Indien jy ooit in 'n situasie kom wanneer jy dink dat jy 'n ouerlose kleintjie gevind het, is die beste optrede om van 'n afstand waar te neem. Bly buite sig vir so lank as moontlik. Dit is belangrik om die afstand te hou, want jou teenwoordigheid sal die ouers laat stres en hulle sal nie na die nes terugkeer nie. Onthou dat uile slegs na die kuiken sal terugkeer wanneer dit amper of reeds donker is.

As jy die nes kan sien en dit toeganklik is, plaas die kleintjie terug (wees versigtig vir ouers wat jou mag aanval) en weereens, monitor die situasie van 'n afstand. Dit is onwaar dat die ouers hul kuiken sal verlaat omdat hulle die reuk van mense op hul kry. Roofvoëls se reukvermoë is nie baie goed nie; hulle

vertrou meestal op sig en gehoor. Slegs indien dit duidelik is dat die ouers nie gaan terugkeer nie, of die kuiken in onmiddellike gevaar is, kan die kuiken verwyder word. Voordat jy 'n baba-uil 'red', kontak 'n rehabilitasiesentrum wat die situasie sal monitor en jou sal help.

DIT IS BELANGRIK OM NIE SELF TE PROBEER OM 'N WEES ROOFVOËL GROOT TE MAAK NIE! Dit is onredelik en wreed teenoor die voël en jy oortree die wet. Kontak jou naaste geregistreerde rehabilitasiesentrum.

Teks deur Ben Hoffman; vertaling deur Ronelle Visagie; illustrasies deur Toni Pretorius; uitleg deur Africa4U.



Vir verdere inligting, kontak die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Fax. +27-(0)11-4861506
Webtuiste: www.ewt.org.za
E-pos: andreb@ewt.org.za (André Botha) of bopwg@ewt.org.za (Erika Belz)